

KONTROLELYS***Afskrifte van die volgende dokumente moet aangeheg wees:***

- Identiteitsdokument van die **biologiese** vader/**wettige** voog van die leerder.
- Identiteitsdokument van die **biologiese** moeder/**wettige** voog van die leerder.
- Wetlike dokumente wat voogdyskap bevestig (**in geval van 'n voog**).
- Volledige geboortesertifikaat (met beide ouers se inligting) of identiteitsdokument van die leerder.
- Laaste akademiese rekord van die leerder.
- Oorplatingskaart van vorige skool (**slegs met aanvaarding van leerder**).
- Munisipale rekening (**nie ouer as drie maande nie**) / brief van indiensneming indien werkadres gebruik word.
- Identiteitsdokument van die persoon verantwoordelik vir die skoolrekening en 'n brief van erkenning om skoolgeld te betaal – **indien nie die ouer nie**.
- Mediesefondskaartjie (**Afskrif voor en agter**)
- Immuniseringsboekie van leerder

Parafeer

Biologiese vader / Voog	Biologiese moeder / Voog

Geagte Ouer

Baie dankie dat u Laerskool Worcester-Oos as akademiese tuiste vir u kind oormerk.

Neem asseblief kennis dat die voltooiing van hierdie vorm nie u kind se toelating tot Laerskool Worcester-Oos waarborg nie.

Elke aansoek moet deur die Toelatingskomitee goedgekeur word. Indien u kind se aansoek goedgekeur word, vertrou ons dat u kind positief sal groei deur die geleenthede wat by Laerskool Worcester-Oos aangebied word.

Oosiegroete

**TOELATINGSVEREISTES**

1. Die vorm moet deur albei ouers onderteken word ter bevestiging dat u die toelatingsvereistes tot Laerskool Worcester-Oos aanvaar.
2. Leerders wat meer as **twee jaar** ouer is as die gemiddelde ouderdom van die graad waarvoor aansoek gedoen word, sal slegs op meriete oorweeg word.
3. Die aanbieding van enige vak is onderhewig aan ekonomiese klasgroottes en die beskikbaarheid van 'n toepaslik gekwalifiseerde onderwyser.
4. Ouers/voogde moet onderneem om die betaling van skoolgeld vol te hou vir die volle tydperk wat die leerder aan die skool verbonde is. Wanneer 'n leerder die skool verlaat, moet die skoolgeld ten volle vereffen wees/word.
5. Toelatingsvereistes is streng volgens regulasies soos bepaal deur die Wes-Kaap Onderwys Departement (WKOD).
6. Bywoning van enige Godsdienstige byeenkomste geskied op 'n vrywillige basis en die ouers moet die skool skriftelik in kennis stel indien die leerders nie Godsdienstige byeenkomste mag bywoon nie, sodat alternatiewe reëlings getref kan word.
7. Ondertekening van hierdie dokument veronderstel dat ouers/voogde bewus is
 - a) dat Laerskool Worcester-Oos 'n Afrikaansmedium skool is en dat alle vakke deur die medium van **Afrikaans** onderrig sal word, behalwe Engels.
 - b) dat die gedragskode van Laerskool Worcester-Oos aanvaar en onderskryf word.
 - c) dat dit sterk aanbeveel word dat alle leerders by ten minste een somer- en een winteraktiwiteit, wat deur die skool aangebied word, betrokke sal wees.
 - d) wanneer 'n kind ingeskryf word, word elke ouer of voog verbind om hulle te onderwerp aan die besluite van die hoof rakende die skoolorganisasie en -dissipline.
 - e) dat alle klagtes of verdoë in verband met enige aangeleentheid rakende reëls, regulasies, doelstellings, beleid of prosedures, of die toepassing daarvan, aan die skoolhoof gerig word.
 - f) dat daar van leerders verwag word om alle amptelike skooldae by te woon, insluitende spesiale dae en aande wat deur die skool as verpligtend beskou word.
 - g) **Skoolgeld is 'n statutêre verpligting en word gehef in terme van Seksie 40 van die Skolewet. Skoolgeld word jaarliks tydens die begrotingsvergadering vasgestel. Dit is u verantwoordelikheid om u te vergewis van alle finansiële verpligtinge. Skoolgeld is jaarliks vooruitbetaalbaar. Enige ander reëlings oor die betaling van skoolgeld moet skriftelik met die finansiële kantoor getref word.**

Geteken te _____ op _____ 20_____.

Parafeer

Biologiese vader / Voog	Biologiese moeder / Voog

(Voltooi asb in netjiese, leesbare DRUKSKRIF.)
(Sien bladsy 2 vir dokumente wat vereis word.)

LEERDERBESONDERHEDE															
VAN															
VOLLE DOOPNAME															
NOEMNAAM															
GEBOORTEDATUM															
ID															
GESLAG															
MANLIK				VROULIK				ETNIESE GROEP							
HUISTAAL															
SELFOONNOMMER															
E-POS															
GELOOF															
KERKVERBAND															
WOONADRES															
KODE															
POSADRES															
KODE															
DEELNAME EN PRESTASIES															
SPORT															
KULTUUR															
LEIERSKAP															
AKADEMIE															
SOU JY BELANGSTEL OM DEEL VAN DIE KOOR TE WEES															
												Ja		Nee	
IMMIGRANT															
Ja		Nee		PASPOORTNOMMER				STUDIEPERMIT				Ja		Nee	
LAND VAN OORSPRONG															
DATUM VAN IMMIGRASIE															
NAAM VAN HUIDIGE SKOOL															
Gewone publieke skool								Onafhanklike skool							
POSADRES															
TELEFOONNOMMER															
FAKSNOMMER															
E-POS															
TYDPERK IN SKOOL															
GRAAD VERLAAT															

Parafeer

Biologiese vader / Voog	Biologiese moeder / Voog

BESONDERHEDE VAN BROER(S) / SUSTER(S) IN LAERSKOOL WORCESTER-OOS

VAN		DOOPNAAM			
NOEMNAAM		ADMINNR		GRAAD (tans)	
VAN		DOOPNAAM			
NOEMNAAM		ADMINNR		GRAAD (tans)	
VAN		DOOPNAAM			
NOEMNAAM		ADMINNR		GRAAD (tans)	

MEDIESE BESONDERHEDE VAN LEERDER

HOOFLID SE NAAM	
NAAM EN PLAN VAN MEDIESE SKEMA	
MEDIESE FONDSNOMMER	
HUISDOKTER	
TELEFOON	

SPESIALE INLIGTING MET BETREKking TOT DIE LEERDER

(Indien u as ouer/voog spesifieke inligting onder die aandag van die skool wil bring, bv. epilepsie, allergieë, spesiale behoeftes, ens.)

KONTAKPERSOON IN GEVAL VAN NOOD (wat nie by dieselfde adres woon nie)

NAAM & VAN	
VERWANTSKAP	
TELEFOON	
SELFOON	
E-POS	
WOONADRES	

Parafeer

Biologiese vader / Voog	Biologiese moeder / Voog

SKOOLFONDS : REËLS EN REGULASIES**Moet voltooi word deur ouer / persoon verantwoordelik vir skoolgeld****BELANGRIK:**

- **HIERDIE AFDELING MOET VOLTOOI WORD, AL WORD SKOOLGELD DEUR OUERS BETAAL.**
- **'N BRIEF VAN DIE BETROKKE MAATSKAPPY / AMBASSADE / ORGANISASIE OF INDIVIDU (INDIEN NIE DIE OUER) VERANTWOORDELIK VIR SKOOLGELD, MOET HIERDIE AANSOEK VERGESEL.**

Ek (volle naam en van, van verantwoordelike persoon) _____

die ondergetekende van (Leerder naam en van)

(fisiese adres as domicilium citandi et executandi)

POSADRES			
			KODE
HUISNOMMER			
WERKNOMMER			
FAKSNOMMER			
SELNOMMER			
E-POS			
BEROEP			
WERKGEWER			

- doen aansoek vir toelating vir die leerder soos gemeld by Laerskool Worcester-Oos (hierna verwys na as "die skool") in die graad soos aangedui. Verder neem ek kennis van die reëls en regulasies soos hieronder uiteengesit. Ek bevestig dat ek dit gelees het en dit verstaan.
- Die skoolfonds word jaarliks gehef by 'n formele begrotingsvergadering deur die skool se Beheerliggaam.
- Kragtens familiereg sal ouers gesamentlik en afsonderlik verplig wees om skoolgelde te betaal ongeag hulle huwelikstatus.
- In die geval van 'n rekening wat meer as 60+ dae agterstallig is sal beide ouers deur die skool gedagvaar word, ongeag onderhoud en hofbevele wat tussen die partye mag bestaan.
- Kragtens Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet is die partye wat deel het aan hierdie vorm aanspreeklik vir die betaling van verpligte skoolgelde.

Parafeer

Biologiese vader / Voog	Biologiese moeder / Voog

- Kragtens Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, mag die skool die betaling van hierdie verpligte skoolgelde afdwing en mag regsstappe geneem word om bogenoemde gelde te vorder. Skole is vrygestel van die Nasionale Kredietwet aangesien skoolgeld 'n **statutêre** uitgawe is. Sogenaamde uitgawe mag nie verwys word na 'n skuldberader vir skuldher siening nie.
- Sou die bogenoemde leerder die skool verlaat, onderneem ek om die Beheerliggaam kennis van nie minder nie as een (1) maand te gee, ongeag die redes vir skoolverlating. Ek sal geregtig wees op 'n pro rata terugbetaling van skoolfonds reeds betaal in terme van die genoemde leerder, tydperk van kennisgewing uitgesluit. Sou ek versuim om sodanige kennis te gee, sal slegs 1 (een) maand se bydrae aan my betaalbaar wees.
- Sou ek versuim om die skoolfonds of 'n gedeelte daarvan, soos bo uiteengesit, of enige ander skoolgelde waarvoor ek aanspreeklik mag wees te betaal, aanvaar ek dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die invorderingskoste van sodanige gelde asook die prokureur-kliënt foie. Dit sluit opsporingskoste en invorderingskommissie in, plus rente op die bedrag uitstaande bereken teen 18% per jaar vanaf die datum verskuldig tot datum van betaling.
- Ek kies hiermee bogenoemde adres as my domicilium citandi et executandi vir alle doeleindes rakende die ooreenkoms.
- Ek onderneem vir die stiptelike betaling van skoolgeld as volg:
 - Maandeliks vanaf 1 Februarie tot 1 November vir 10 maande.
 - Eenmalig voor 31 Januarie.
 - Kwartaalliks vooruit betaalbaar
 - Ek gaan aansoek doen om vrystelling van skoolgeld.

Parafeer

Biologiese vader / Voog	Biologiese moeder / Voog

VERKLARING DEUR OUER / VOOG

Ek _____ verklaar hiermee dat die inligting in die vorm vervat waar en korrek is. Deur my handtekening hieronder aangebring, gee ek die Voorsitter van die Skool se Beheerliggaam, of sy benoemde, toestemming om enige van die inligting deur my verskaf te kontroleer en te bevestig. Ek verstaan dat indien enige inligting deur my verskaf vals is, aksie teen my geneem kan word.

Ek verklaar verder dat ek myself vergewis het van die skool se Visie en Missie en onderneem om die skool se algemene reëls en dissipline te eerbiedig.

Geteken op hierdie _____ dag van _____ 20_____.

HANDTEKENING VAN OUER / VOOG: _____

LOJALITEITSKAARTE

Laerskool Worcester-Oos is deel van die MySchool-projek. Hierdie projek genereer fondse vir die skool. Daar is geen koste aan verbonde nie en die skool kan slegs daarby baat. Indien u nog nie hiervoor geregistreer het nie, versoek ons vriendelik om by ons ontvangskantoor in hierdie verband navraag te doen.

Neem asseblief kennis van die volgende:

Ingevolge Laerskool Worcester-Oos se gedragskode (’n afskrif daarvan is in leerders se huiswerkboek of beskikbaar op aanvraag), vereis sekere dissiplinêre oortredings deur leerders ’n ondersoek deur die Skoolhoof en/of Adjunkhoof. Sodanige ondersoek mag gepaard gaan met ’n gesprek tussen die betrokke leerder en die Skoolhoof / Adjunkhoof. Die skool se Beheerliggaam het onder die omstandighede die besluit geneem en gee u hiermee kennis dat enige gesprekke tussen ’n leerder en die Skoolhoof en/of Adjunkhoof elektronies opgeneem sal word ten einde:

- a) die nodige beskerming aan die leerder te verleen;
- b) die nodige beskerming aan die betrokke opvoeder te verleen;
- c) enige daaropvolgende dissiplinêre prosedure teen die betrokke leerder te vergemaklik. Sodanige opname sal tydens enige moontlike dissiplinêre proses wat teen die betrokke leerder gevolg mag word aan die ouer/s van die betrokke leerder beskikbaar gestel word.

Parafeer

Biologiese vader / Voog	Biologiese moeder / Voog

TOESTEMMINGSVORM

Toestemming vir deelname aan skoolaktiwiteite

1. Ek, _____ (volle naam en van), die ouer / voog van _____ (leerder se volle naam en van) gee hiermee toestemming dat hy/sy aan sport-, kultuuraktiwiteite, opvoedkundige toere en uitstappies mag deelneem.
2. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek nie ongevalle, beserings, diefstal en enige onvoorsiene gebeure aan die verantwoordelike personeel sal toeskryf nie.
3. Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese behandeling/chirurgiese ingreep vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy/sy fisies in staat om aan die bogenoemde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid.
4. Ek versoek egter dat daar gelet sal word op spesiale behoeftes indien enige: (bv. allergieë, abnormale bloeding, epilepsie ens.):

Geteken op hierdie _____ dag van _____ 20_____

HANDTEKENING VAN OUER / VOOG: _____

Parafeer

Biologiese vader / Voog	Biologiese moeder / Voog